

Ou Testament Teologie en/of "Religionsgeschichte"?

W S Prinsloo

ABSTRACT

Old Testament Theology and/or "Religionsgeschichte"

This article provides an overview of the latest developments in the area of Old Testament Theology and the relationship thereof to "Religionsgeschichte". The book by Rainer Albertz has played an important role in the debate on the relationship between these disciplines. Attention is given to this debate and particularly to the reaction to the Albertz's viewpoint as stated at the International Meeting, Society of Biblical Literature, Louvain, 7-10 August 1994.

1 INLEIDEND

Die vraag na die verhouding tussen Ou Testament Teologie en "Religionsgeschichte" het gedurende die afgelope paar jaar weer skerp op die voorgrond getree. Die boek van Rainer Albertz¹, 'n student van Claus Westermann, het baie daartoe bygedra om die debat weer te laat vlam vat. Nadat die Ou Testament Teologie as dissipline vir baie jare - veral na die verskyning van die boeke van Von Rad - die oorhand gehad het, tree "Religionsgeschichte" weer die laaste paar jaar sterk na vore. Tog is dit opvallend dat daar in die jongste verlede - nadat daar vir 'n hele paar jaar 'n stilte geheers het - weer 'n hele aantal Ou Testament Teologieë verskyn het. Hierdie publikasies is vanuit 'n verskeidenheid van gesigspunte geskryf en reflekteer 'n veelvoud van metodes². Die vraag is: Kan die twee vakdissiplines, naamlik Ou Testament Teologie en "Religionsgeschichte" naas mekaar bestaan? Is daar ruimte vir beide of moet daar vir die een of die ander gekies word?

2 OU TESTAMENT TEOLOGIE EN/OF "RELIGIONSGESCHICHTE"?

Albertz het in sy reeds genoemde boek en in 'n tot nou toe ongepubliseerde referaat³ wat in 1993 tydens die *International Meeting* van die *Society of Biblical Literature* in Münster, Duitsland gehou is, asook op die pas afgelope soortgelyke kongres in Leuven, België in nog 'n voordrag⁴ sy standpunt oor die verhouding tussen Ou Testament Teologie en "Religionsgeschichte" in geen onduidelike terme uitgespel nie.

Die standpunt van Albertz kom kortliks daarop neer dat hy 'n pleidooi

lewer vir 'n totale omswaai in die navorsing in die sin dat die Ou Testament Teologie vervang moet word deur "Religionsgeschichte". Hy vat die taak van die "Religionsgeschichte" soos volg saam: "Aufgabe der Religionsgeschichte Israels ist es dann, mit Hilfe historischer Rekonstruktion den in den alttestamentlichen Texten 'gefrorenen' Dialog in ein lebendiges Streitgespräch verschiedener israelitischer Gruppierungen darüber zu beschreiben, wie bestimmte geschichtliche Entwicklungen von Gott her zu deuten seien und was nach seinem Willen angesichts dieser geschichtlichen Herausforderungen zu tun sei"⁵. Volgens Albertz is so 'n "Religionsgeschichte" meer teologies as Ou Testament Teologie self. Die "Religionsgeschichte" kan ook die lewendige godsdienstige en teologiese nalatenskap van die Ou-Testamentiese tradisies beter as Ou Testament Teologie bewaar en aan die ander teologiese vakdissiplines vir verdere gebruik in die kerk deurgee, meen Albertz.

Die Ou Testament Teologie as vakdissipline hou egter volgens Albertz talle probleme en nadele in: Selfs sestig jaar na die verskyning van Eichrodt se Ou Testament Teologie is daar nog geen klaarheid of konsensus oor die taak en metode van die vak nie. Die vak word, volgens Albertz, gekenmerk deur die oordrewe subjektiewe rol wat hermeneutiese en dogmatiese vooronderstellinge by die skrywers van Ou-Testamentiese Teologieë speel. Die Ou Testament Teologie vermeng dikwels historiese beskrywing en normatiewe aanspraak met mekaar. Die Ou Testament Teologie kon nog nie 'n sisteem of middelpunt vind om die Ou Testament mee te sistematiseer nie. Die Ou Testament Teologie reduceer die godsdienstesgeskiedenis van Israel tot blote begrippe, is gevolglik nie in staat tot 'n behoorlike godsdiensthistoriese vergelyking nie en neig ook om apologeties te wees. Volgens Albertz dra die Ou Testament Teologie as vakwetenskap metodologies die kiem van anti-Semitisme in hom rond.

Hierteenoor hou "Religionsgeschichte", volgens Albertz, talle voordele in wat dit verkieslik maak bo Ou Testament Teologie: Hoewel die historiese rekonstruksie van die "Religionsgeschichte" ook subjektief gekleur is, is die subjektiwiteit tog kontroleerbaar deur eksterne historiese data. Die "Religionsgeschichte" het 'n duidelike metode, naamlik die historiese. Aansluitend hierby, sê Albertz, het die "Religionsgeschichte" 'n duidelik gedefinieerde interpretasiekonteks, naamlik die outeurs van die Ou Testament. Die "Religionsgeschichte" kan die verskeidenheid van godsdienstige uitsprake in die Ou Testament meer gedetailleerd behandel en daarmee saam ook die resultate van die eksegeese verder voer. Omdat die "Religionsgeschichte" konsekwent histories is, kan dit die teologiese nalatenskap van die Ou Testament beter bewaar en verder voer as die Ou Testament Teologie. Aangesien die "Religionsgeschichte" die geskiedenis en teologie met mekaar kan versoen, "ist sie genau die zusammenfassende Disziplin, die das historischkritisch arbeitende Fach AT innerhalb einer Theologische Fakultät braucht"⁶.

Albertz is dus van oordeel dat die Ou Testament Teologie deur die "Religionsgeschichte" vervang moet word en dat daar eintlik nie bestaansreg vir die Ou Testament Teologie naas die "Religionsgeschichte" is nie.

Aangesien Albertz sy standpunte op 'n redelik polemiese wyse gestel het, is dit te verstaan dat deelnemers aan die 1994 *SBL* kongres, waar daar 'n spesiale sessie gereël is om die problematiek rondom die verhouding tussen Ou Testament Teologie en "Religionsgeschichte" te bespreek, ook skerp en uiteenlopend op hom reageer het. John Barton, University of Oxford, sê, anders as Albertz, dat Ou Testament Teologie en "Religionsgeschichte" nie "rival disciplines" is nie, maar dat hulle naasmekaar kan bestaan. Die Ou Testament Teologie het wel 'n bestaansreg in die sin dat dit 'n brug kan slaan tussen die Bibliologiese vakke en Sistematiese Teologie. Om sy standpunt te illustreer neem Barton die tema "divine power/omnipotence of God" as voorbeeld. Die taak van die Ou Testament Teologie sou byvoorbeeld wees om te wys op die verskillende aspekte van bogenoemde tema en om aan te toon dat dit nie 'n statiese, tydlose betekenis het soos wat dit soms in die tradisionele Dogmatiek hanteer word nie. Op die wyse sou die Ou Testament Teologie 'n belangrike funksie kon vervul en tot diens kon wees vir die Sistematiese Teologie.

Rolf Rendtorff, emeritusprofessor van die Ruprecht-Karls-Universität Heidelberg, reageer baie skerp op die standpunt van Albertz. Hy sê dat Albertz nie reg laat geskied aan die Ou Testament Teologie nie en ten onregte 'n karikatuur daarvan probeer maak. Rendtorff meen dat die Ou Testament Teologie en die "Religionsgeschichte" twee verskillende dissiplines is wat naasmekaar kan bestaan, maar wat wel verskillende vrae vra. Die "Religionsgeschichte" werk diakronies/histories en probeer die lewe en denke van Israel reconstrueer. Die kritiek van Rendtorff teen die historiese metode is dat dit nie kontroleerbaar is nie. As voorbeeld noem hy die verskillende uiteenlopende daterings wat histories-kritiese eksegete van dieselfde teks gee. Daarteenoor werk die Ou Testament Teologie sinkronies, sê Rendtorff. Hy kies veral vir wat hy 'n kanoniese metode noem en hy verkies om met die "Endgestalt" van die Ou Testament te werk. Hy beklemtoon egter dat dit nie beteken dat sy benaderingswyse a-histories is soos wat Albertz beweer nie. Die "Endgestalt" van die Ou Testament is sinvol - ook Teologies sinvol - en om dié rede is 'n Teologie van die Ou Testament moontlik. Die teologiese intensie van Ou-Testamentiese tekste kan en moet dus nagespeur word.

Uit die titel van Niels Peter Lemche, Kopenhagen Universität ("Warum die Theologie des Alten Testament einen Irrweg darstellt"), kan 'n mens reeds aflei dat hy dink dat die Ou Testament Teologie 'n fout is. Lemche is van mening dat die Ou Testament nie 'n Israelitiese boek is nie, maar 'n Joodse boek wat in die Hellenistiese tyd ontstaan het. Om dié rede is daar 'n kontinuïteit tussen die Ou en

die Nuwe Testament en is dit verkeerd om van 'n spesifieke Ou-Testamentiese Teologie te praat. Om dieselfde rede is dit net so verkeerd om van 'n Teologie van die Nuwe Testament te praat. Volgens Lemche moet daar eerder van 'n "gesamt-biblischen Theologie"⁷ gepraat word.

Isaac Kalimi, Hebrew Union College, Brookline, stel die standpunt oor die Ou Testament Teologie vanuit Joodse perspektief. Hy is van mening dat die "Religionsgeschichte" en die Ou Testament Teologie twee afsonderlike, maar tog legitieme dissiplines is. Dit is gevolglik nie korrek om die Ou Testament Teologie te verwerp nie. Hoewel Joodse geleerdes sover eintlik nog nie Ou Testament Teologieë geproduseer het nie, beteken dit nie dat Joodse geleerdes nie in Ou Testament teologie belangstel nie, sê Kalimi. Sonder om Ou Testament Teologieë te skryf, het Joodse geleerdes soos Japhet en Greenberg tog belangrike teologiese bydraes gelewer. Kalimi, wat ook polemies in sy uitsprake is, sê dat die tradisionele Ou Testament Teologieë eerder as "christian theology" getipeer moet word en dat dit neig om anti-Semities te wees en dat Joodse geleerdes gevolglik nie daarin belangstel nie.

Frank Crüsemann, Kirchliche Hochschule, Bethel, Duitsland, sê dat dit 'n valse alternatief is - hy verwys klaarblyklik na die standpunt van Albertz - om diakroniese en sinkroniese aspekte teenoor mekaar te stel wanneer dit om die teologiese perspektiewe van die Ou Testament gaan. Crüsemann kom gevolglik ook vir die Ou Testament Teologie as wetenskap op: Dit behoort in dié dissipline te gaan oor wie of hoe God is, dit wil sê om die godsbegrip. Konkrete tekste behoort in 'n Ou Testament Teologie behandel te word en die samehang tussen tekste behoort aangetoon te word, sê Crüsemann.

Christof Hardmeier, Ernst-Moritz-Arndt Universität Greifswald, Duitsland, meen dat die oplossing nóg met behulp van 'n postulaat van 'n "Sachmitte" soos by Preuß, nóg in die vlug tot die "Religionsgeschichte" soos by Albertz, lê. In plaas daarvan om die uitsprake oor God te sistematiseer, sien Hardmeier die taak van die Ou Testament Teologie eerder soos volg: "Es geht um den Ansatz einer *Logo-Systematik*, die das vielfältige *Reden* von und zu Gott in den überlieferten Texten ins Auge faßt und als symbolisch interaktives Beziehungsgeschehen systematisch durchdenkt"⁸. Hardmeier beskou die "Loben Gottes" as 'n kristalisasiemoment van so 'n Bybelse Teologie.

3 SAMEVATTING

Dat Albertz 'n geweldige stimulus aan die navorsing gegee het kan nie ontken word nie. Hy het weer eens die belangrikheid van "Religionsgeschichte" - veral vanuit sosiologiese perspektief - na vore gebring. Sy standpunt dat Ou Testament Teologie

nie naas "Religionsgeschichte" kan bestaan nie, is nie net te polemies nie, maar hy skilder ook 'n te oordrewe positiewe prentjie van "Religionsgeschichte" en 'n te negatiewe prentjie van Ou Testament Teologie. Om, soos Albertz, te sê dat die skrywers van Ou Testament Teologie te subjektief beïnvloed word deur allerlei voorveronderstellings terwyl "Religionsgeschichte" met meer kontrôleerbare historiese data werk, is gewoon naïef. As die historiese data dan so kontroleerbaar was, sou daar nie so 'n Babelse verwarring ten opsigte van die datering van tekste geheers het nie. Selfs Albertz - soos elke ander ondersoeker - het sekere voorveronderstellinge wat maak dat die "Religionsgeschichte" nie meer objektief te kontroleerbaar as Ou Testament Teologie is nie. Die historiese en sosiologiese rekonstruksies wat Albertz maak, bly tog maar sy eie rekonstruksies. Daarmee wil ek egter nie, soos wat Albertz met die Ou Testament Teologie probeer doen, die "Religionsgeschichte" sy voortbestaan probeer ontnem nie. Dit is dus nie 'n geval van Ou Testament Teologie of "Religionsgeschichte" nie, maar daar behoort ruimte vir elkeen van die dissiplines naas en aanvullend tot mekaar te wees.

Wanneer Albertz sê dat daar geen konsensus is oor die taak of metode van die Ou Testament Teologie nie, is hy natuurlik korrek. Die persepsie wat hy probeer skep dat die "Religionsgeschichte" volkome sekerheid en 'n eenvormige metode het, is egter 'n ooreenvoudiging. Bloot deur die standpunte van Lemche en Albertz met mekaar te vergelyk word dit duidelik dat beoefenaars van die "Religionsgeschichte" allesbehalwe oor alles saamstem.

Dat die Ou Testament Teologie 'n selfstandige plek naas "Religionsgeschichte" het en 'n unieke taak het is al deur talle navorsers uitgewys. Die taak van die Ou Testament Teologie lê nie net daarin om die teologie van die Ou Testament op "objektiewe" wyse - dus deskriptief - te beskryf sodat dit soos by 'n aflosresies deur die Sisteematiese teologie en die ander teologiese wetenskappe verder gedra kan word nie. Die Ou Testament Teologie se taak is om die ryke verskeidenheid van die inhoud van die Ou Testament - met inagneming van al die genres, die historiese aspekte, en al die verskillende boeke - in samewerking met al die teologiese dissiplines so te omskryf en te herinterpreteer dat dit bruikbaar vir die teologie en die kerk is. Om te voorkom dat dit in a-historiese waarhede verval, is dit belangrik dat die Ou Testament Teologie ook van historiese aspekte sal kennis neem en hier kan die "Religionsgeschichte" 'n belangrike ondersteunende funksie vervul.

Omdat Ou Testament Teologie nie 'n deskriptiewe wetenskap is nie sal dit - soos alle teologie - altyd tydsgebonde wees en sal daar nooit 'n finale Ou Testament Teologie geskryf kan word nie. Die Ou Testament sal altyd weer en weer in die lig van omstandighede en deur teoloë wat in 'n sekere konteks leef, geherinterpreteer moet word.

NOTAS:

- 1 *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit, Bd. 1: Von den Anfängen bis zum Ende der Königszeit, Bd 2: Vom Exil bis zu den Makkabäern, Grundrisse zum Alten Testament*, Göttingen 1992.
- 2 Die twee nuutste Ou Testament Teologieë verskil egter heeltemal van mekaar: H D Preuß, *Theologie des Alten Testaments. JHWHs erwählendes und verpflichtendes Handeln. Band 1*, Stuttgart 1991 en *Theologie des Alten Testaments. Israels Weg mit JHWH. Band 2*, Stuttgart 1992; en O Kaiser, *Der Gott des Alten Testament. Theologie des AT. 1: Grundlegung*, Göttingen 1993. R Rendtorff, *Kanon und Theologie. Vorarbeiten zu einer Theologie des Alten Testaments*, Neukirchen-Vluyn 1991, gee in hierdie publikasie die buitelyne van sy kanoniese benadering weer. Daar is ook twee resente, maar uiteenlopende, pogings tot die skrywe van 'n sogenaamde Bybelse teologie: B S Childs, *Biblical Theology of the Old and New Testaments. Theological reflection on the Christian Bible*, Minneapolis 1993; en A H J Gunneweg, *Biblische Theologie des Alten Testaments. Eine Religionsgeschichte Israels in biblisch-theologischer Sicht*, Stuttgart 1993. Die resente publikasie van B C Ollenburger, E A Martens & G F Hasel, *The flowering of Old Testament Theology. A reader in Twentieth-Century Old Testament Theology, 1930-1990*, Winona Lake Indiana 1992, gee 'n samevatting en oorsig van die belangrikste publikasies op die gebied van Ou Testament Teologie oor die afgelope sestig jaar.
- 3 "Religiongeschichte Israels statt Theologie des Alten Testaments! Plädoyer für eine forschungsgeschichtliche Umorientierung", ongepubliseerde referaat *SBL International Meeting Münster* 1993, 1-23.
- 4 "Theologie des Alten Testaments oder Religiongeschichte Israels", *SBL International Meeting Leuven, Abstracts* 1994, 41-42.
- 5 *SBL* 1993, 19.
- 6 *SBL Abstracts* 1994, 42.
- 7 *SBL Abstracts* 1994, 61.
- 8 *SBL Abstracts* 1994, 54.